

KOMMUNIKAMMA 6 JUNIE 2021



Kontakpersone, indien jy meer inligting nodig het oor een van die sake wat hier verskyn:

Jou blokouderling of -diaken

Niekie Oosthuizen: 082 561 8747; 041 360 1484; kerkkantoor@ngkraggakamma.co.za

Ds MG van Rooyen: 041-3600665; 083 413 7100; mgvanrooyen@telkomsa.net

TEKS van die WEEK

Psalm 18:30

“Met U hulp loop ek ‘n oormag stoem, met my God by my is geen stadsmuur vir my te hoog nie.”

SAKE vir GEBED:

- Dankie vir gebedsverhoring op so baie gebiede.
- Treë ernstig in dat God by ons waterlood sal ingryp en dat Hy die wolke in ons opvangsgebiede sal beveel om die deure (sluise) van die hemel oop te maak.
- Dra vir ds Du Toit Wessels en sy vrou Odette aan die Here op.
- Ons bly bid vir ons President en almal wat in gesagsposisies is. Bid dat hulle na die stem van die Here sal luister en Sy raad sal opsoek.
- Die nood in Kleinskool en baie ander gebiede is baie groot. Ons bid dat daar ook verligting sal kom.
- Almal is bekommerd oor die verskriklike korrupsie wat meëdoënloos voortgaan. Ons bid dat die euwel in die kiem gesmoor sal word.
- Ons dra almal wat siek, alleen en hartseer is aan die Here op. Dink ook aan die wat hulle werk verloor het en alles wat daarmee gepaard gaan.
- Doré Grobler ondergaan chemoterapie.
- Klein Josh ons glo en bid dat hy volkome sal herstel.
- Ons bid vir almal wat tans Covid het. Mag die Here vir hulle omvou en genees.
- Ons bid dat die inentingsproses goed vlot sal verloop.
- Dra in besonder vir Gerrit en Janine Coetzee aan die Here op. Dit is ‘n lewensveranderende besluit wat hulle geneem het om die volgende paar maande in die Midde-Ooste te gaan dien en ons bid dat God vir hulle sal seën en vir hulle sal toevou in Sy liefde en beskerming.
- Ons is opgewonde oor ons verkleinde Kermis, Anniebrand Vuurfees, met vleissss ja, wat op 16 Junie sal plaasvind. Ons glo dat hierdie poging van Kraggakamma gemeente suksesvol sal wees. Dankie aan almal wat reeds hul deel doen.

There4-bedieninge se gebedsversoek vir die week:

Bid saam dat die jong Christene in **Viëtnam** sal groei in hulle liefde vir Jesus, ook wat hulle verstaan van die evangelie en waardering vir die Bybel sodat hulle ‘n vaste fondament in hulle lewens sal hê.

EREDIENSTE IN DIE KERKGEBOU

Die hou van eredienste is onderhewig aan al die Covid regulasies. Maskers moet gedra en ‘n veilige afstand gehandhaaf word. Vir jou koors wat gemeet sal word en vir die saniteer van hande, het ons alles in plek. Daar mag nou **100 persone** per erediens in die kerkgebou wees.

Indien jy ‘n erediens wil bywoon, kan jy die volgende skakel gebruik om die aanlyn vorm te voltooi.

<https://forms.gle/p7mpVSBnHeYdRYuZ8>. Ons versoek dat jy die vorm voor Vrydag 12:00 sal voltooi.

Jou bespreking verseker jou van ‘n plek in die eredienste.

Neem asb. kennis dat dit nie ‘n vereiste is om plek te bespreek nie, maar dit vergemaklik die inteken proses in die oggend.

Ons versoek hoë risiko persone om nie die dienste in die kerkgebou by te woon nie. Indien jy enige griepsimptome toon, bly asb ter wille van jou eie en ander se veiligheid by die huis.

Digitale dienste het gekom om te bly en sal, soos altyd, beskikbaar gestel word.

Op die kerkradsvergadering van 20 Mei is daar besluit om vir eers slegs een erediens op 'n Sondag te hou. Die erediens sal Sondae om 09:00 plaasvind en kategeese sal direk na die erediens vir die verskillende jeuggroepe soos tans plaasvind. Die Eietydse- en Klassieke aanbiddingstyle sal afgewissel word en met spesiale geleenthede, gekombineer word. Neem egter kennis dat hierdie slegs 'n tydelike reëling is en die kerkrad sal DV op 28 Augustus die besluit her-evalueer.

Die eerste gesamentlike diens is Nagmaal op Sondag 6 Junie, soos dit op ons almanak verskyn.

PROGRAM VIR DIE WEEK:

Sondag 6 JUNIE

09:00 NAGMAAL

<https://youtu.be/hZ4pcIp67aw> Skakel gerus op Youtube kanaal in as jy die lewendige uitsendings wil volg. Die video sal gestoor word op Youtube, sodat jy ook op jou eie tyd daarna kan gaan kyk.

Die huisgeloof, 'n gesprek riglyn rondom die tema van die erediens, is op die gemeente se webwerf beskikbaar.

Tema van Erediens: God is aan ons kant.

Geen Kategeese a.g.v. Nagmaal

Maandag 7 Junie

Geen biduur by KKU

12:45 GEMEENTEBIDUUR

Ons hou Maandae 'n gebedsgeleentheid in die konsistorie, maar ook via Zoom. Almal is welkom. Kontak Niekie indien jy wil saam bid of 'n gebedsversoek het.

Dinsdag 8 Junie

10:00 EN 11:00 DIENS BY STELLA LONDT

Voedselhulp aan PE-Noord

Ons help weekliks ongeveer 30 gesinne met kospakkies en ander benodighede. Dankie vir elkeen se ondersteuning.

Behalwe vir die skenkings van kos en klere ontvang, is reeds R203 500 gebruik om kos aan te koop.

Kontant donasies kan in ons kerk se bankrekening gemaak word. Merk dit asb. duidelik vir PE Noord.

Skenkings kan hierdie week op Dinsdag by Piet en Sonja Spies (Cassialaan 82) afgelaai word. U kan meer inligting op ons webblad kry of vir Sonja Spies (084 516 4925) kontak.

Woensdag 9 Junie

KERKKANTOOR

Die kerkkantoor sal elke Woensdag van 08:00 tot 12:00 oop wees. **Geen persoon sal sonder 'n masker toegelaat word nie.** Volg asb die regulasies.

Vrydag 11 Junie

05:00 MANNEGROEP

Die mannegroepbyeenkoms kom bymekaar by Frans Stapelberg. (Carnationlaan 15) Indien jy wil deel word, kontak vir Frans vir meer besonderhede by sel: 082 773 6205.

Sondag 13 Junie

09:00 EREDIENS

10:00 KATEGESES

Kategeese by die kerkgebou vir graad 1 - 6. Covid protokol is in plek en ons sal alles in ons vermoë doen om die jongmense veilig te hou. Graad 7 - 11 kategeese vind by ouerhuise plaas.

Woensdag 16 Junie

9:00 – 12:00 Die Anniebrand Vuurfees, met Vleiss ja, waar ons fees “vuur” soos net Kraggakamma kan.

Kom ondersteun hierdie fees wat gehou word as deel van ons fondsinsamelingspogings. Op die spyskaart is Spitkoeke, Sosatierolle, Kerrie en Rys, Vars Vleis, Biltong, Droëwors, Vars Groente en Vrugte, Pannekoek en Koffie. Skakel gerus in op Luister FM wat vanaf die kerkperseel sal uitsaai op 16 Junie.

Die GROOT Kermis skuif D.V. na 27 of 29 Oktober.

Die pad vorentoe.

Die Kerkraad het op die kerksvergadering van 20 Mei vir ds Du Toit Wessels na Kraggakamma Gemeente beroep. Die beroepsbrief is na hom gestuur en hy het nou 2 weke om te antwoord op die beroep. Ons glo dat hulle die Here se stem duidelik sal hoor met die groot besluit of hy die beroep na Kraggakamma sal aanvaar. Bid asb ook vir die kandidate wat nie beroep is nie. Ons gebed is dat die Here vir hulle 'n nuwe deur sal oopmaak.

BOURESERWEFONDS

Ons geboue is ook 'n getuigenis dat ons God se fontein van liefde is. Die kerk kompleks benodig groot opknappingswerk soos bv verf, facia's, oorhange, geute ens. Die totaal van die herstelwerk- en opknappingswerk beloop na raming baie naby aan 'n miljoen rand. Die werk sal oor 'n tydperk aangepak word soos fondse beskikbaar raak.

Baie dankie vir die baie groot anonieme bydraes wat ons ontvang het. Verbeterings aan die Gazaniastraat pastorie word reeds gedoen.

Ons weet dit is moeilike tye vir baie van ons, maar as die Here vir jou geseën het, oorweeg dit asb biddend of jy nie kan help om weer die Bou- en verbeteringsfonds te versterk nie. Oorweeg dit asb ook om in jou erflating 'n paar rand aan die fonds na te laat.

VERJAARSDAE

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

| | |
|----------|---|
| 6 Junie | Bianca Noble, Zak Olivier, Dewald Schoeman, Cornel Strydom |
| 7 Junie | Flippie Kapp, Susan Meiring, Simonda Muller, Werner Nel, Marlene Postma, Nicolette Pretorius, Archie Rabie |
| 8 Junie | Tobias Fourie, Cilliers Jooste, Gerrit Lombard, Hugo Nothnagel, Xander Theron en Heinrich van Rooyen, |
| 9 Junie | Elize Botha, Dane Cronje, Chante Kotze, Rinaldo Loftie-Eaton, Cobus Marx, Paul Retief, Anna Smit en Salome van der Riet |
| 10 Junie | Liezl-Marie Human, Antoinette Nel en Jessi Strydom |
| 11 Junie | Antoinette Esterhuysen, Jaco Grobler, Philip Hanekom, Teresa Lombard en Anli Roets |
| 12 Junie | Karla du Toit, Jan Fourie, Carlen Rudolph en Xennie Visagie |



DANKOFFER

Die derde maand van ons nuwe finansiële jaar is verby en ons kon ons finansiële verantwoordelikhede, met 'n klein tekort, nakom. Baie dankie vir elkeen se dankbaarheidsbydrae. Ons versoek u om steeds die Here met u finansiële offer van dankbaarheid te bly dien. Die dankoffers kan direk in die kerk se bankrekening of deur middel van Snpascan betaal word.

Die kerk se bankbesonderhede is:

NG Kraggakamma
Absa Tjekrek 1400590091
Takkode 632005



KLEUTERSKOOL BIBLIOTEEKPROJEK

Ons ondersteun Ds Derick Meyburgh wat oa betrokke is by vyftig kleuterskole in die distrikte van Cala en Elliot in die landelike Oos-Kaap. Hy wil graag 'n leesboekie by elke kleuterskool beskikbaar stel. 300 boekies is reeds aangekoop met donasies wat ontvang is. Vir elkeen van die 50 kleuterskole om tien boeke te kan kry, benodig hul nog 200 boekies om mee te begin. Indien u engelse kleuterboekies het, kan u dit ook skenk vir hierdie projek.

Daar is nou 'n NGO wat isiXhosa boekies beskikbaar stel vir R10.00 per boekie. As jy 'n bydrae tot die projek wil maak, betaal dit oor in die kerk se rekening en dui asb aan dat dit vir die Kleuterskool Biblioteekprojek is.